**Donderdag 21 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 6:25-34**
**Fokusgedeelte: Matteus 6:25**

## Fokus op die Here

Bekommernis is een van die grootste vreugdediewe van ons tyd. Dis opmerklik dat Jesus daaroor praat tydens sy eerste preek. Hy waarsku daarteen dat ’n mens jou nie moet bekommer oor die dinge waarin God beloof om te voorsien nie.

Daar is weinig, indien enige, voordele daaraan om jou te bekommer. Die nadele is egter heelwat. Dink maar aan slegte spysvertering, swak slaap, weinig of geen rus, hoë bloedruk en maagswere. Jy sukkel om te konsentreer en is onproduktief, want jou energie word deur die bekommernis opgebruik. Jy verloor perspektief, want al wat jy raaksien, is dit waaroor jy jou bekommer. Die negatiewe denke neem jou op loop en kort voor lank is jy die slagoffer van jou bekommernis.

Jesus nooi jou om by die lelies van die veld en die wilde voëls te leer. Hulle ploeg nie, hulle saai nie, hulle gaar nie in skure op nie en tog sorg ons hemelse Vader vir hulle. Die Here sorg só dat die lelies beter as Salomo vertoon.

Ons teksvers leer: geloof en bekomernis is nie vriende nie. Hoe bly jy dan uit bekommernis se kloue?

Beywer jou vir die koninkryk van God en dit wat God wil hê jy jou mee moet besighou (vs 33). Hoe doen jy dit? Fokus op die Here. Wees lief vir Hom en leef vir Hom. Laat sy wil in jou hande en voete sigbaar word. Meld aan vir aktiewe diens in sy Koninkryk en sy liefde sal deur jou na die mense om jou vloei.

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 6*

*Dr. PJ (Peet) Vermeulen (Wapadrant)*